

12 September

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21
Teksgedeelte: Johannes 3:16 (1933/53- en 1983-vertaling)

God skenk sy Seun vir jou sodat jy nie verlore gaan nie

Die ewige lewe is 'n vrye gawe wat 'n mens ontvang. Almal het egter gesondig en is ver van God af. Ons is deur Satan se versoeking en die mens se swakheid uit die paradys verbied, en ons lewe as sondige mense het begin. Soos dit die mens se skuld is dat ons uitgegooi was, verdien ons almal om gestraf te word.

Juis omdat God regverdig is, moet Hy die sonde straf. God se liefde bring Hom egter daartoe om sy Seun te gee om in ons plek te sterf, sodat ons vrygespreek kan word. God het met die lewe van sy Seun vir die sondeskuld van ons as mens betaal. Aan hierdie verlossing kry ons alleen deur die geloof deel. Geloof is nie bloot kennis van die evangelie nie, maar ook om dit in elkeen van ons lewens ons eie te maak. Alleen so kan ons heelmaking, vrede en ware lewe in Christus vind.

In hierdie gedeelte en teksvers sien ons die patroon van ware liefde wat God vir ons uitwys. Dit is die patroon wat ons as gelowiges moet gebruik in al ons verhoudings met ander mense waar liefde ter sprake is. Dit word van ons as Christene verwag om ons eie gemak prys te gee sodat ander mense saam met ons die liefde van God kan ervaar.

Sing: Skrifberyming 16-1:1, 6, 7 (SB 15:1, 6, 7)

Teologiese Student HP (Hendrik) Schutte